Montagu Stories


# DIE POORT NA KANAÀN

Ingedien deur Irma Jordaan



**Skets deur Izak B. Nel**

**Verskyn in die Huisgenoot 1991.**



23 Julie 1990

Aan Kuratrice
Montagu Museum.


Beste André,

Miskien voel julle lus om aangehegte manuskrip van 'n kortverhaal en eksemplaar van Huisgenoot waarin dit verskyn het te bêre.

Dié storie is eintlik 'n stuk geskiedenis en dit is jammer as dit verlore moet gaan.

Groete

Sakkie Hel ([illegible])



Illustrasie: Maxine Nesbitt

As jy die poort van die seekant af ingaan en die roesrooi rotse van Cogmanskloof begin jou van alkant af in die noutes vasdruk, en die berg om jou word groter en groter, dan begin ontsag in jou oorneem. Die kronkelpad wat styf teen die rotswande wentel bring jou deur die tonnel en jy gaan die tempel binne.

Al wat om jou is, is die almagtige natuur. Die bouwerk wat om jou na die hemel reik, is die werk van 'n Groot Meester, Wie se mag ver bokant die van mensekinders is. Die tempel wat Salomo gebou het, is snuif teenoor dit wat om jou staan. Die wolkekrabbers wat wêreld stede oorheers, is piepklein en niks in vergely-king met die grootsheid wat hier heers.

Aan jou linkerkant staan die loodreg rotslae ingepak soos die blaaie van 'n boek, van onder uit die rivierbedding tot bo teen die blou lug bokant die kruin. Ravyne van bo tot onder. Ewe goed sou die legende van die seun wat in die rotsskeur onderkant die heuningkrans vasgeval het en daarná deur sy vader met 'n genadeskoot verlos is, hier kon ontstaan het. Dit is die plek waar kransduiwe nes maak en bobbejane klouter en

spoke sou kon dwaal. Dit is ’n plek waar werklikheid en versinsel deur ’n haar breedte geskei word. Eindelose romantiek is hier vasgegroei. Die rotssuile staan met hul voete in die koeltes van die donker seekoegate, waarin die kinders van iou kleintyd saam met die otters en die watermuishonde gebaljaar het en hul spore in die riviermodder gelos het almal kaal, sonder ’n draad aan hul baste. Wit, bruin en vaal... almal bymekaar. Sonder mensgemaakte mure om hulle uitmekaar te hou.

Agter jou op die nek is die ou Engelse fort: Deesdae ’n misplek vir ongediertes en uile, en ’n baken om jou te herinner aan die dae toe daar nog tyd was om mekaar uit te roei. Die dae toe ons geleer het om mekaar te onderkruip.

Jy gaan aan die voet van Aasvoëlkrans op jou regterhand verby. ’n Muurskildery wat die hele berghang vol maak: geel, bruin, rooi en karmosyn ’n kolos. Kompleet met figure wat jy in jou verbeelding optower as jy mooi na hulle kyk. Kyk na die vrou met die kind op haar rug wat die helling teen die liglyn opklim. Wat se die legende en verbeelding? Was dit dalk ’n priester met sy lang jurk en mus, of ’n jagter met ’n wildsbok oor sy blad, of ’n volksmoeder met haar bondel, of dalk- Hy wat die berg gemaak het met sy bondel op sy rug? Was die bondel dalk jy wat jou nou hier staan en vergaap aan die grootsheid van God se werk?

Aasvoëlkrans. Jy met jou kruin waarom die bergarende sweef. Jy wat vir die kunstenaars geleer het om te skilder en vir die mense om te droom. Jy wat die blou lug op jou skouers dra. Jy wat wag oor die poort . . .

Ons gaan verby Lemoenkraal. ’n Kweekplaat tussen noem-noem en jakkals-bessiebosse. Uitspanplek, stilhouplek. Daar waar ons jonk was en geleer het om lief te hê. Die naglug het geruik na dou en die sterre was so naby dat jy aan hulle kon vat. Die ruising van die berg het in jou hart gedreun. Lemoenkraal, die plek waar die jong meisies ons geleer het om te vry.

Ons gaan om die hoek, waar die kloof oopmaak, en oor die rivier waarin papkuil en fluitjiesriet kooie lê - en ons is in die dorp ... die voorportaal van die land van Kanaän.

Kannaland - die Klein Karoo. Die dorp is ’n katedraal met ’n wye blou koepel vir ’n verwulf. Soos ’n arm wat ’n kind vashou, lê hy in die omhelsing van die hoë blou berge van rooi en pers: sandsteen wat ’n muur om hom vorm. Met die gang van die tyd is die sedimente in lae neergesit en gebuig en vervorm om hom vas te hou. Verskuiwings in die aard kors het die berg oopgebreek tot in sy murg om die klowe te vorm wat soos gange in hom lê - so diep dat die warm water daarin uitborrel Dit is hier waar die geologiese ontbinding bekend as die Worcester breuk, die fondamente van hierdie sisteme sodanig verswak dat warm water piek-plek van onder af uitlek om genesende bronwater aan die mensdom te gee: Baden, die Bad in Badskloof, Rietvlei se Oog en Warmwater.

Aan die sonopkant loop die oopte hom dood teen die Waboomsberge en die Karoo-rante wat ’n vaal muur om hom vorm.

Loop deur enigeen van die gange en jy sal verstom staan vir die werk van die Skepper Keurkloof, Donkerkloof, Badskloof. As jy wil hoor hoe ’n berg kan praat, gaan luister in

Badskloof hoe die berglug in die bakkranse ruis en dit stroompie gesels en lag as hy oor die rivierklippe huppel en spring.

Waar die kloof oopmaak lê Die Bad - die Allerheiligste, waar die gerubs met oopgespreide vlerke waak oor die majesteit van die Goddelike natuur.

Dis die plek waarvan jy die grond wil soen as jy die stilte om jou hoor en die gloed van die rooi berg die lug verkleur. Die plek waar jy die damp van die warm bronwater uit die oog sien opslaan en die warm wasem jou longe vol maak. Jy wat die plek van jongs af ken, staan verstom om te sien wat mense met hom aangevang het. Jy sien die mirakel wat makers opgerig het in hul ywer om op die werk van God te verbeter.

Die rotse waarop dassies gewoon het en die bobbejane rondgeklouter het en die luiperd sy roggelstem uitgebrul het, is weg. Die plek waar die kransduiwe gepronk en die katkopuil hoe-hoeee! geskree het en die bergfisant na 'n maat geroep het, het stil geraak. Die klipspringers het van die rotse verdwyn.

As jy omdraai, is jou oë groot en droog en jou gesig is bleek. Daar is 'n knop in jou keel en jy wurg om jou asem terug te kry. Jy spoeg op die grond.

Waar Badskloof in die dorp uitmond, kry jy hulle: Die mense wat Montagu gemaak het. Jy kry hulle oral. In die Oudam, die mooiste plek aan hierdie kant van die Hemel. Teen die skotige helling van die berg waar hul huisies in die straatjies en stegies tussen die amandelklippe vasgeplak sit. Jy kry hulle in die straatjies wat krom gemaak was om reguit te wees. Jy kry hulle op die Oudam se wal onder die boerboonboom en in die veld bokant Berglaan straat, waar die skaamrosies groei en die bergwind met doringbome en taaibosse roei en stoet. As hulle nie meer daar is nie, sal jy hul spore kry en die wyshede wat hulle kwytgeraak het, sal daar rond lê, want dit is dinge wat nooit vergaan nie. Jy sal weet hulle was daar, want hulle was 'n legende.

Jy sal verstaan waarom dit die "inding" geword het om in hierdie armmans huisies te kom woon. Vra vir die Kapenaars. Vra vir Wilhelm en Kato. Vra vir Neville en dr. Bekker waarom hulle op die Oudam se wal kom woon het. Vra vir hulle waarom hulle en die Oudammers so lief geword het vir mekaar. Vra vir die Grütters. Niemand sal ooit weet wie na wie opgeklim het nie; of wie na wie afgeklim het nie. Dit is so dat as jy diamante soek, moet jy nie bang wees om met die leer in die gat af te klim nie, want hulle lê onder.

Hul mans het kruisbande gedra - nie omdat hul broeke wou afval nie, maar omdat hulle geglo het dit hoort so.

Hul vroue het sis gedra - nie omdat hulle so danig daarvan gehou het nie, maar omdat dit die sterkste lapgoed was wat Jan Witos in sy winkel aangehou het. Almal het velskoene gedra - nie omdat dit vir hulle so mooi was nie, maar omdat dit gemaklik aan hul voete gesit het en hulle nie liddorings of krom tone gegee het nie. Eintlik was dit omdat Alex de Bod, hul skoenemaker, geen ander soort skoen gemaak het nie. Hul kinders het kaalvoet geloop - nie omdat die mense gedink het dit was gesond nie, maar omdat dit al was wat hulle kon bekostig.

Die ambagte wat hulle beoefen het, was velerlei van aard. Onder hulle het jy voortreflike boumeesters gekry. Die kroonlyste wat Ma en sy broer Hendrik aan die

borswerings van die Karoo huise gesit het - Georgians of Victoriaans, noem dit wat jy wil - is die dorp vol. Die Spits en Holbolgewels wat hulle aan huise gebou het, was ’n toonbeeld van simmetrie en lyn. Die pleisterwerk van Karel Veldsman op die hoeke en om die sponnings van die Victoriaanse huise, was fyn soos die klank van ’n spinet.

Oom Japie Nothling (see memento at end of article) was ’n timmerman en grofsmid van format. Hy kon buikplanke vir ’n bokwa uit ’n ruwe balk saag en dit met ’n blokskaaf gladstoot dat die ysterhout- krulle voor die lem uitrol. As hy met die werk klaar was, sou daar oor die rofste pad nie ’n plank skeeftrek nie. Hy kon nawe vir ’n wawiel uit stinkhout beitel, wat onder die swaarste vrag nooit sou skiet gee nie. Oom Japie kón met yster werk en dit met ’n handhamer vorm asof dit deeg in sy hande is.

’n Rong of ’n skamelbout wat hy gemaak het, sou nooit meegee nie. Hy kon ’n waband uit platyster maak en dit kort, en in sy blaasvlam witwarm maak, en met sy voorhamer op ’n aambeeld swys sodat dit dig om die wiel pas en die las nooit sal loskom nie. Die wa wat hy gemaak het, was ’n kunswerk.

Drukjannie was die dorp se skoorsteenveer. Op sy langdisselboomkarretjie het hy sy skoorsteenbesem rondgery, of afleweringswerkies op die dorp gedoen. Sy klere was vodde. Hy was die kinders se held, want hy was ’n storieverteller. Hy was hulle fiddler on the roof.

“Haai’t, ou Drukkels!” het hulle vir hom om die hoeke geskree, om dan baldadig te samaai as hulle sien hoe hy hulle uit sy sakke skud. Niemand kon uitskud soos hy nie.

Jan Lag was die man wat die slagyster vir die tier gestel het, as hy onder die onderdorp se honde en pluimvee begin vang. Verder was hy ’n ram onder die vroue.

Karel Karretjie het wynsteen by die boere gekap en vir hulle bokmis van Ouberg af aangery. Hy was lui om te werk, maar fluks om te leef. Adam en Sewis was kuipers. Hulle kon duie vir ’n vat uit eikehout met ’n dissel kap, en hulle geer dat hulle dig teenmekaar pas. Hulle kon duie om ’n vatboom staanmaak in ’n kring en hulle met hoepels styftrek en met wingerdstompies van binne af warm maak en hulle nat spat en buig om in hul hande ’n vat te word. Hulle kon ’n vat se nate kalfater en hoepels om die buiging van sy lyf met hamer en drywer opdryf, sodat hy dig sou wees en daar nooit ’n druppel drank by hom sou deursweet nie.

Die hamerslae het deur die dorp weerklink: Koef, kaf, koef, kaf in ritmiese gebeier. As hulle met hom klaar was en teen hom met ’n klopperhout tik of hom oor ’n sementvloer rol, sou hy met praat en daar sou ’n geluid uit hom kom soos die weerklank uit die binnekant van ’n spelonk.

Hulle was die dorp vol. Oorkant die drif by die steg het Ouma Joeng gewoon. Sy het krom geloop, maar haar gang was rats. Sy het vir die ryk vroue klere gemaak en haar hande deurgewerk om vir die siekes sop te kook en vir dié wat reeds hul tande verloor het en die oë dof geword het, het sy safte kossies aangedra. Sy het sag gepraat, maar as jy haar kwaad maak en sy jou bykom, het dit gevoel soos die voorslag van ’n lang karwats wat jou streep.

Onder in Bergstraat in die rietdakhuisie het tant Femma gewoon. Sy was die verwaarloosde kinders se “ander ma" en het na almal omgesien. Sy was die vroedvrou wat hulle die wêreld ingehelp het.

Op Fairview het tant Miemie Anysberg gewoon. Sy was die medisynemeester van die dorp - ’n Florence Nightingale. Haar kennis van die kuns van kruie en bossies het sy op Anysberg aangeleer en saam met haar uit die Karoo uit gebring. Waar tant Femma moed opgee, het sy oorgevat.

Oom Dawid Anysberg was ’n forse man. Die stem wat uit sy pikswart baard gekom het, was ’n donker dreuning. Met sy kaal hande het hy ’n luiperd van sy veewagter afgepluk en hom teen ’n boomstam doodgeslaan. Met hom moes jy nie probeer mors nie.

Die plek het sy voortreflikes en sy lieplappers gehad. Jy het hulle in die voorste gestoeltes gekry en in die strate, tussen die mense. In die onderdorp en in die bodorp. In die Victoriaanse huise met hul gietysterversiersels en hortjiesblindings van kiaat. In die platdak-karoohuisies met hul beskeie kroonlyste en groen voordeure en vensterkosyne met wit skuiframe. Onder die spaansrietsolders of plankies- plafonne van hierdie huisies. In die Kaapse gewelhuise met hul rietdakke en brandsolders, of in die sjarmante Georgiaanse dubbelverdiepings met hul elegante fasades. Jy het hulle in Langstraat gekry en in Badstraat en Kromstraat en Kortstraat en in Lovers’ Walk ein in die Fresh. Almal van hulle was adel - elk op sy eie manier.

Almal het respek gehad vir die grote natuur, en die een vir die ander se goed. Hulle het liefde gehad vir mekaar. Hulle was die plek.

Die grond waarvan die vloere van die katedraal gemaak was, is iets waarmee seifs die Skepping kan spog. Die plek waar die werk gedoen is, was ’n ateljee waarvan die lug soet geruik het. Slik waarop dinosouriërs hul spore gelos het, is met sonlig gemeng en met die soetigheid van die lug deurmekaar geraak, en dit het die beste grond op aarde geword. Daarom het dit die plek geword waar die heerlikste vrugte in die land gekweek word, en die beste druiwe. Daarom het Dionisus (Griekse wyngod) vir hom daar ’n ryk gevestig. Hy het Pieter Swanepoel, die eerste blanke wat daar kom vestig het, aangespoor om wyn van die muskadel te maak, waarvan Napoleon in die tyd van sy ballingskap bestel het om sy dae op te vrolik.

Geen wonder dat van die mooiste wynkelders in die land daar gevestig is nie. Die domein van die Barrys en Brinks en Jouberts was ’n goue era.

Meesters in die kuns van wyn maak het daar tussen hulle stukvate en kuipe geloop. Daar was ’n paar wynmakers wat werklik groot was. Jan Lambert was een van hulle. Hy kon met wyn werk. Hy kon daaraan ruik en daaraan proe en dit versny en in bout lemaak totdat dit in die skemerte van die kelder ’n rypheid ontwikkel het, waarvan mense vandag nog droom.

Dit was ’n tyd toe wyn nog met respek behandel is. Toe daar nog sag gepraat was tussen die stukvate met die riders en die pype (kleiner vate) op hul skouers, uit pieteit vir die goed wat in hulle lê.

Dit was soos ’n eindelose lykstoel. Die dag toe die vate uit daardie selfde kelders by dosyne op groot vragmotors weggery is - vir silwerlinge verkwansel en weggery soos slawe. Al wat oorgebly het, is die leegheid van hul leplekke en die mufheid wat gekom het in die plek van die wierook wat om hulle was.

Die goue era het verdwyn.

Hierdie plek se mense is feesmense. As die rivier dan en wan afkom, los almal hul werk of klim van die stoepe af en haas hulle na die Kingna se brug. In diep teue asem hulle die nuwe ruik van ou modder in en gooi onder luide lawaai klippe na die lee dromme en stompe en opdrifsels wat op die golwende bruin prut afdryf. Hulle joel en rumoer as daar ’n bobbejaan of ’n erdvark op ’n boomstomp sit wat verbygaan.

As daar ’n winkel of ’n huis in die nag afbrand, storm almal in hul nagklere na die plek om in die opwinding te deel: vroue met los lywe en jong meisies met fensie nagkabaaie en mans met pajamas wat flap in die wind. Almal vergeet hul waardigheid en maak daar van ’n fees.

Die eerste wynfees wat ooit in die land gehou was, het in hierdie dorpie plaasge- vind. Die skok en die ontsteltenis! ’n Brassery in die openbaar! Die hooforganiseerder was in die kleed van Bacchus. Sy vroutjie het in die dorpsaal ballet gedoen. Die dorp was in vervoering. Die skande het ons oorleef, maar die nimf het ons verloor voor die geboorte van haar eerste baba - en die fees het nie ’n opvolger gehad nie.

Nadat baie jare verloop het en die stamme van die wingerde knoetsig geword het, was daar weer ’n eerste. Hierdie keer ’n dorpsfees wat metterjare ’n muskadelfees geword het, kompleet met vleisbraaikompetisie en al. Dit was ’n Fees met ’n hoof- letter F. Daar was ’n wyntuin en markiestente en ’n hengse mallemeule. Ipi Tombi was daar. Trompoppies en sierwaens. Die Minister was daar om die fees te open. Hy het toe sommer ook die baan geopen met die burgemeester se vrou. Die jong meisies het oorkrabbetjies gedra en hul borsies opgebind en hul halsies laat sak, en hul boudjies het gewip. Almal se tandjies het spierwit gelag. Die Minister is teen hoenderkraai daar weg.

Vrede! 0, Vrede! Hoekom dan tog die ongerepte Vrystaatse dorpie se mense? Hoekom dan tog hulle verlei? Sodom en Gomorra was mos daar naby! In elk geval, hulle word mos toe genooi.

Die Vrystaters het hulle nie twee maal laat nooi nie. Nie wanneer nie, toe sak hulle op die plek toe. ’n Yslike luuksebus vol Dierbare, goeie Boeremense. Songebruinde jongmanne op wie se arms die spiere bult. Die meisietjies het hulle blinkoog staan en inwag. Koekie en Soekie en Loekie en Moekie - te pragtig! Ons het hulle in ons huise ontvang en dop en dam gegee en rygoed aan hulle geleen. Kan die mense kuier! Ons moes woel om by te hou. Die manne het onder die goedjies gevang! Jy sou se hulle is bang dit raak op. Hulle het geipi en getombi en gejive en gejol en gemuskadel totdat die wyntuin leeg was. Hulle het big wheel en spoetnik gery en gedans tot die salpeter op hul blaaie uitslaan. Die burgemeester was gedaan. Die spoorwegbus het in die tonnel vasgery.

Daardie Sondagaand laai ons ’n tam klomp Vrystaters op hul bus. Onder die skemerte van die bome het hulle en die meisietjies nog vir oulaas vir mekaar ’n paar drukkies gegee.

Die volgende Vrydagaand skemer is daar ’n klop aan my deur. Voor die huis staan ’n convertable met ’n Vredenommerplaat, en een van ons kuiergaste van die vorige week.

“Pieter, en nou?”

“Nee, oom, nou is ek ernstig."

Ek nooi die jong man in.

“Nee dankie, oom, ek het net kom groet en ’n bietjie biltong vir Koekie gebring.”

Oor die duisend myl uit die Vrystaat uit! Kan jy nou glo!

Twee jaar later kry Montagu ’n uitnodiging van Vrede na die “Fees van die bees.”


Ons huur ’n bus.

Met die opklim is daar ’n paar passasiers te veeL “Dis geen probleem nie,” se Koos. “Die vroumense kan op ons skote sit”

Toe die bus by Touwsrivier verbygaan, begin ons toebroodjies uithaal en eiers afdop. By Matjiesfontein vat die manne ’n mondvol. Toe die bus die Dwyka oorgaan, nog ’n sluk. By Drie Susters begin die manne warm word en Koos kom sit op Jemaima se skoot en los Alet, sy vrou, alleen. By Oranjerivier sit Jemaima haar arm om Koos se nek en Alet dreig om van die bus af te klim. Die volgende oggend hoog sonuit, toe die bus Vrede inkom, sit Alet langs Jemaima en Koos lê agter tussen die bagasie en slaap. Ai! Wat ’n tog!

Tussen die beeskrale op die feesterrein hou die bus stil. Die vriende van Vrede klap hande toe ons uitklim. Pieter kom na vore met Koekie aan sy sy. Op elkeen van hulle se arm sit ’n fris klein voskop bulletjie!

As jy eendag by ’n dorp inkom wat ’n tonnel vir ’n ingang het, en die berge staan om jou soos kastele; as dit vir jou voel asof jy die Hemel binnegaan en die lug om jou ruik soet; as jy die dorp ingaan en die huise om jou is witgekalk en lyk asof hulle met jou wil praat, en die mense dans in die straat - dan moet jy weet jy gaan die poort na Kanaän binne.



Montagu. 22. 1. 1916.

Mr. Malan & Gie.

Worcester

~~In Rekening met~~ J. F. NOTHLING,

SMID en WAGENMAKER.

Geachte Heeren

In de laatste tijd is hier verscheidene personen uit ons distrikt vertrek die aan mij nog rekens schuldig is. 4 van hen is in Worcester distrikt. Zal gij niet zoo goed wezen om te probeeren om voor mij die geld in te vorder. Ik zal verblijd wezen als gij zoo goed zal wezen mij te antwoorden of gij misschien iets van zulke personen weten.

G. visscher. hij het laatste op vlakpaats gewoon. Nuy

J. P. C. le Roux Glen Heatlie, dezelfde

C/o Frans W. Conradie de Doorns.

Gideon Driel schoonvader van Conradie. de Doorns.

| | £ | s | d |
|---|---|---|---|
| G. visscher schuldig. | 1. | 12. | 6 |
| J. P. C. le Roux .. | 2. | 7. | 3 |
| Frans. W. Conradie. | 4. | 11. | 3 |
| Gideon Driel | 2. | 7. | 6. |

met beste verwachting.

J. F. Nothling.

FILE

**ClipBorad**

**Oom Hennie Tredoux, a Montagu resident remembers his old friend**

<u>FARM RIETVLEI 1</u>

The Nel’s bought the farm Rietvlei 1 from the Van Eeden family (The van Eedens (Ricki) moved to Bushmanspad on the Swellendam road).

There were two Nel families, Johannes Nel and Isak Nel.

Johannes Nel was a very inventive business man, much more so than a farmer. He was responsible for the management of water turns from the mountain stream in the Rietvlei 1 area. Quite a number of neighbouring farms had water right allocations (waterbeurte) from the mountain stream. Even the Montagu Municipality had an allocation which to the current date (2020) is still in place. Obviously Oom Johannes, with all his shrewdness, made sure that his farm allocations were to his advantage.

They farmed with ostriches and later had a poultry farm apart from their fruit tree nursery.

Oom Johannes and his wife had two sons (I am not sure of the second son Loftus) but I knew his son Isak (Sakkie) well as he was a Councillor with the Montagu Municipality in the late 60's beginning of the 70's where we served the town of Montagu together.

Sakkie had three sons, the eldest Johannes and the twins Danie and Dolf.

Sakkie owned the area in Montagu West nowadays known as Piet-se-Pad which he sold partly to the Montagu Municipality who later auctioned it to Andries van Heerden, the developer.

In the 70's Sakkie sold the farm to Henk Bester of Hermon who then farmed the property until it was sold to the Hugo's, the present owners.

There are two primary school buildings on the farm that was mostly attended by kids from the neighbouring area. The old building has been converted into a chapel by the current owner Peter Hugo and the newer building is still being used as a school.

A certain portion of the farm was called "Boontjies land".

The other Nel Family, Oom Isak and his wife had a son who passed away at an early age after he was stung by bees. They also had two daughters. Oom Isak and his family stayed on the next door farm to Oom Johannes and his family.

**EINDE**